### BELOOFDE WÊRELDVREDE

*[Miga 4:3]*

Volgens Miga 4 is God se uiteindelike doel, die oorwinning van sy koninkryk oor die koninkryk van die Bose en daarna sal VREDE heers [Jes. 2:1-4]. Oorloë is tevergeefs, dit los niks op nie. Rewolusies loop net uit op bloedvergieting. Opstande bring net pyn en lyding. Gewapende stryd laat net wonde en lyke na.

As mense God opreg dien word al die dinge anders. Swaarde word ploegskare en spiese word snoeiskêre. Wie met God versoen is maak van 'n dodelike AK 47 'n ploegskaar wat nuwe lewe op die saailand beteken, maak van pistole snoeiskêre wat bydra tot vrugbaarheid, maak van kanonne troffels waarmee daar opgebou kan word. Al die middele wat *vernietig* moet die gelowige verander tot ***instrumente wat opbou***. Jou roeping vir 2010 en 2011 is deur God helder en duidelik geformuleer: ***Wees 'n vredemaker*** wat opbou en laat lewe (Matt. 5:9).




### BIDDENDE MANS EN MOOI VROUE

As Paulus aan die jong dominee Timoteus skryf oor die organisasie van die gemeente, kom hy spontaan uit by die optrede van mans en vroue (1 Tim. 2:8-10). Hy stel dit dat die **mans** hulle twisgierigheid moet laat staan. In die gemeente het dit blykbaar so ontwikkel dat die mans oor alles en nog wat gestry het. Net soos in daardie tyd is dit ook nie alle mans wat twisgierig is nie. Maar die twisgierigheid van die mans in die gemeente waar Timoteus gedien het, was vir Paulus kommerwekkend. Hoe moet die mans in die gemeente dan optree? Hulle moet ***bid***. 'n Gemeente met 'n *biddende kerkraad*, 'n gemeente met mans wat die gemeente in die gebed dra, kan nie anders as om 'n ryklik geseënde gemeente te wees nie waarin elkeen bewus is van hulle goddelike roeping.

Paulus sien ook die **vroue** in die gemeente raak. Waar die mans in die gemeente graag *getwis* het, daar het die vroue hulle weer graag opgetooi, mooi gemaak, versier. Ten opsigte van die vroue sê Paulus dat dit veel beter sal wees as hulle hulle liewer sou mooi maak met *goeie werke*. Dit is baie mooi as vrouens hulle geloof bely, maar dit is veel beter as hulle ook hulle geloof sigbaar maak in goeie werke. Dit is beter om jou geloof in jou lewensdade te vertoon as om dit net met die mond te bely. Dit is Paulus se slotsom vir die gemeente: ***Biddende mans*** en ***geloofsmooi vroue.***

*dr Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 5 Sondag 28 November 2010 Nommer 33

## VROLIKHEID EN PLEGTIGHEID MET KERSFEES

**Hierdie uitgawe van Simbaal is die laaste vir die jaar. Hierna gaan Simbaal vir die vakansie en feesgety rus.**

Die Desembervakansie is met die viering van Kersfees en Nuwejaar dié tyd van die jaar waar plesier, jolyt en vreugde hoogty vier. Vir die gelowige is dit 'n tyd om goed te ***onderskei*** tussen *vrolikheid* en *plegtigheid*, tussen *vermaak* en *aanbidding*, tussen *konsert* en *erediens,* tussen *sport* en *godsdiens*. Ek het my eenkeer tydens 'n kerkkamp vir tieners vasgeloop in 'n karnavalgees, dit was amper soos die Curriebekereindstryd. Die gees van die kamp is opgepomp en aangeblaas. Die kinders is gesê om vir Christus applous te gee soos vir 'n rockster en daar moes gejil en gegil word tydens gesamentlike Bybelstudie want die vrolikheid van Christenskap verwag dit van 'n kind van die Here. Na elke antwoord was daar 'n donderende applous, 'n geskree en 'n voetestamp soos by 'n krieket- of 'n rugbytoets. Ek het gewonder, hoe kry hierdie kinders ooit 'n begrip vir die noodsaak van die kruis op Golgota as 'n histeriese-sportmal-reaksie ingespan word om hulle te leer om vir Christus te lewe. As *dít* gebeur dan het die onderskeid tussen **spel** en **erns** weggeval en ook die verskil tussen **geloof** en **sport**, die onderskeid tussen **vrolikheid** en **plegtigheid**. As ons tydens Kersfees en Nuwejaar vrolik, uitbundig, rasend entoesiasties is en ons klap hande en skree en spring op en af, dan hoort dit tuis by gesellige pieknieks en 'n gesinsvleisbraai. Maar as ons stil word rondom die Woord van God, wat van die kruis van Golgota praat of as ons die Naam van God op ons lippe neem, trek ons ons skoene uit en sê plegtig: "my Here en my God; my hemelse Vader". Dán pas 'n atmosfeer en optrede wat rekening hou met ons driemaalheilige God.

*Dr. Nico van der Merwe*

# PREKE VANDAG



Oggenddiens: **AS DIE HEMEL SWYG**

Openbaring 8:1

In die gang van Openbaring is ses van die sewe seëls (Op. 6) reeds oopgemaak. Nou moet die Lam van God die sewende seël oopmaak, maar daar is eers 'n vertraging. Daar het 'n stilte in die hemel gekom van 'n halfuur. ***Die hemel swyg*** terwyl daar gewag word op die engele met die trompette en 'n ander engel met 'n goue wierookbak gevul met ***die gebede van al die gelowiges*** wat op die altaar geoffer moet word (8:3). Die gang van die geskiedenis wat God bepaal het, word vir 'n halfuur gestaak want daar word ***gewag*** op die gebede van die gelowiges. Voordat die oordeelprogram van God voltrek kan word moet die engel met die gebede eers kom. Dit is die tragiese feit wat die stilte in die hemel beklemtoon dat die kerk op aarde nie op die bestemde tyd gereed is met hulle gebede nie. Dit beklemtoon die noodsaak van elke gelowige se gebede. Ons gebede as kinders van God is so belangrik dat Hy die gang van die oordeel sonder die gebede nie kan laat voortgaan nie.

Aanddiens: Haggai 2:6-7

**1. Inleiding**

Die Here skud die wêreld sodat die skatte sy huis volmaak.

**2. Die Here skud die wêreld.**

In Haggai 2 gee God aan ons 'n visie van wat Hy in Jesus Christus met hierdie wêreld en sy kerk beplan het. Die Jode het vasgekyk teen 'n tempel wat niks in vergelyking met die tempel van Salomo was nie. Dit het hulle moedeloos gemaak. Die Here wys hulle op sy verbond met hulle en dat Hy die nasies en die wêreld sal uitskud sodat die rykdom daarvan na die tempel sal terugvloei.

**3. Christus is Koning!**

Die sonde van mense besmet die tempel van die Here. Iets beter is nodig sodat ons sonde nie die huis van die Here verder besmet nie! Alleen die bloed van Jesus Christus is in staat om die sonde vlekke in ons lewe weg te vat. God herinner sy volk aan hulle eie nietigheid wat hulle ervaar het (vgl.Hag.2:17), maar belowe hulle ook dat Hy hulle van dié dag af aan sal seën. Hierdie seën lê ook daarin dat Jesus Christus die troon van Dawid weer kom herstel het.

**4. Die skatte maak die kerk vol!**

Haggai profeteer nie net van die rykdom en eer wat die Here na sy kerk toe gaan terugbring in die vorm van seëninge en 'n ewige Koning vir sy kerk nie. Daar is méér! Die Here bring ook uit al die nasies mense na sy kerk. Op die end bly daar van alles wat ons beïndruk in hierdie wêreld net die huis van God, sy kinders oor. Hoe tree ons op in 'n tyd waar baie mense sou verkies dat die kerk ophou bestaan?



# DIE GEREFORMEERDE KERKE KLERKSDORP EN KLERKSDORP-NOORD

**Gesamentlike en afsonderlike dienste November 2010 tot Januarie 2011**

| Datum | Tyd | Kerkraad en Orreliste | Predikante |
|---|---|---|---|
| 28 November 2010 | 09:30<br>18:00 | Nagmaal<br>Klerksdorp-Noord<br>Gemeentesentrum Kdp | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Jan Lion-Cachet<br>**Kerssangaand** |
| 5 Desember 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Ds. Jan-Carel Erasmus |
| **Vanaf 12 Desember 2010 tot 2 Januarie 2011 is gesamentlike dienste van Klerksdorp en Klerksdorp-Noord in Klerksdorp se Sentrum.** | | | |
| 12 Desember 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | ------<br>Prof. dr. George Lotter |
| 19 Desember 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | ------<br>Dr. Nico van der Merwe |
| 25 Desember 2010 | 08:00 | Klerksdorp | Ds. Jan-Carel Erasmus |
| 26 Desember 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | -----<br>Ts. Joh. du Bruyn |
| 02 Januarie 2011 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Nico van der Merwe |
| 09 Januarie 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Prof. dr. George Lotter<br>Ds. Jan-Carel Erasmus |
| 16 Januarie 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Nico van der Merwe |
| 23 Januarie 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Ds. Jan-Carel Erasmus |
| 30 Januarie 2010 | 09:30<br>18:00 | Klerksdorp-Noord<br>Klerksdorp-Noord | Dr. Nico van der Merwe<br>Dr. Jan-Lion Cachet |

- Al die *gesamentlike* dienste is om **09:30.** Die diens op *Kersdag* (25 Desember 2010) is om **08:00.** vind plaas in die **Kerkgebou van Klerksdorp**.

1. **Gesamentlike dienste**

- Die **oggenddienste** is *gesamentlik.*
- Klerksdorp-Noordgemeente se **aanddienste** vind soos normaalweg om **18:00** in **kerkgebou van Klerksdorp-Noord** plaas.

2. **Kerssanggeleentheid**

Op 28 November 2010 reël Klerksdorp die Kerssanggeleentheid om **19:00**.

## DIE STER VAN JESUS



Matteus 2:2[b]

In die Bybelse tyd was dit 'n groot en gevaarlike onderneming om te reis. Om veral baie ver te reis, van een land deur ander lande na 'n bestemming, was 'n uiters vermoeiende, uitputtende en langsame proses. Lang togte het maande geduur want daar is te voet of met donkies en kamele gereis. Paaie was swak en vol gevare, veral die gevaar van rowers. Derhalwe was dit net met die grootste noodsaak dat mense lang reise aangepak het.

So sou dit ook wees met die sterrekykers uit die ooste wat na Betlehem gekom het om hulde te bring aan die Koning wat gebore is (Matt. 2:11).

Daar word nie in die Bybel genoem presies uit watter land van die ooste die sterrekykers afkomstig was nie. Justinus die Martelaar het in die eerste eeu na Christus geskrywe dat hulle uit Arabië gekom het, die landstreek oos van Palestina. Omdat die manne blykbaar baie lank gereis het, is daar ook gemeen dat hulle uit Babilonië kon gekom het waar daar wel baie sterrekykers en magiërs was wat hulle met die verklaring van die sterrebewegings besig gehou het.

Sonder 'n baie sterk motivering sou die sterrekykers nie sommer die lang pad na Jerusalem en Betlehem aangepak het nie. Hulle argument vir die lang reis is kort en kragtig: "***Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys***". Die dryfkrag agter hulle kom, is: "*ons het sy ster sien opkom.*" Dít is die eintlike dryfkrag agter hulle volharding. Hierdie STER het hulle gelei tot by die Kind in die krip van Betlehem.

Ds. JJ Oranje van Nederland het op 'n keer geskrywe dat dit vandag tot groot nut van die gelowige sal wees om 'n entjie saam met hierdie sterrekykers te reis. Hy skryf hulle besit 'n wysheid wat vir die gelowige vandag veel kan beteken. Hulle reis DOELGERIG. Hulle reis met MOTIVERING. Agter hulle tog sit daar DRYFKRAG; "Ons het sy ster sien opkom".

In hierdie enkelvoudige argument lê die krag van hulle daaglikse lewe op daardie lang reis waarop hulle vertrek het. Enigiemand wat met so 'n doelgerigte argument en duidelike doelwit voor oë sy lewenspad bewandel sal sukses behaal.

- Niemand weet wat môre en oormôre sal gebeur nie.
- Niemand kan sy lewenspad vooruit sien nie.

Wie dus die navolging van Jesus as motivering het vir sy lewenspad het die beste doelwit wat daar is (Hebr. 12:1-2). Die STER van Jesus (Num. 24:17, Openb. 22:16) moet jou lei op jou lewenspad. Daar is geen beter doelwit om na te mik en geen sekerder koers om in te slaan nie.

*Dr. Nico van der Merwe*



## LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

**Sondag 28 November 2010**

| | Oggenddiens 09:30 | | Aanddiens 18:00 | |
|---|---|---|---|---|
| | Lied | Bladsy | Lied | Bladsy |
| 1. | Psalm 9:1 & 6 | Bl. 36 | Psalm 148: 1 & 5 | Bl. 711 |
| 2. | Psalm 9:7 | Bl. 36 | Psalm 106:1 & 2 | Bl. 529 |
| 3. | Psalm 9:12 | Bl. 36 | Skrifberyming 5-3:1 & 4 | |
| 4. | Skrifberyming 5-3:4 & 5 | | | |
| 5. | Skrifberyming 12-3:1 & 2 | | | |
| 6. | Skrifberyming 2-4:1 & 2 | | | |

## SUSTERS



Sameroepster vir November 2010: Ansie van Vuuren
Koekies / Lekkernye vir Kinderhuis:
November 2010: Wyke 10 en 24

## SUSTERSAAMTREK – SATERDAG, 12 MAART 2011

Teken die datum aan!!

Die saamtrek word deur die susters van Wolmaransstad aangebied . Tema: "Vrou – eer God in hierdie era van verwarrende waardes". Spreker: Ds. Leo van Schaik van Potchefstroom. Meer inligting sal in Januarie/Februarie 2011 beskikbaar wees

**Uit die Woord**

Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig staan.
Psalm 18:34

**Wyse Woorde**

Ons onderneem groot reise om dinge te sien waarop ons in ons eie omgewing geen ag slaan nie.
Plinius die Ouere (c. 23-79 n.C.)

## VERJAARDAE

| | |
|---|---|
| 29 November | Amanda Swart |
| 3 Desember | Alfred White (Sr.) |
| 4 Desember | Hantie Schutte |
| 5 Desember | Jan van Heerden |
| 5 Desember | Hettie van Vuuren |
| 7 Desember | Blackie Swart |
| 7 Desember | Marthie Kruger |
| 8 Desember | Santa van der Walt |
| 9 Desember | Tannie Sarie van Heerden |
| 13 Desember | Liana Reyneke |
| 15 Desember | Peet Buys |
| 15 Desember | Emma Bezuidenhout |
| 15 Desember | Wikus van der Walt |
| 18 Desember | Liezel Kruger |
| 20 Desember | Martie Venter |
| 28 Desember | Linelle Hitge |
| 23 Desember | Charl du Plessis (Jr.) |
| 23 Desember | Martell van der Walt |
| 24 Desember | Betsie Rust |
| 25 Desember | Tina Stols |
| 25 Desember | Charles du Plessis |
| 26 Desember | Larrie de Lang |
| 26 Desember | Elmarie van der Walt |
| 28 Desember | Dieter Snyman |
| 28 Desember | Max Swart |
| 29 Desember | Minnie Vorster |
| 29 Desember | Charl du Plessis (Sr.) |
| 31 Desember | Frans Smit |
| 2 Januarie | Tineke Havenga |
| 3 Januarie | Estelle Jacobs |
| 3 Januarie | Tannie Issie Fourie |
| 5 Januarie | Conrad Swart |
| 8 Januarie | Wally de la Hunt |



## Rapport aan die kerke vanuit die vergadering van die kuratore – November 2010

Die volgende sake wil die kuratore graag onder die kerke se aandag bring:

1. Daar is met groot waardering kennis geneem van die akademiese uitsette van die teologiese professore aan die Teologiese Skool Potchefstroom die afgelope jaar en ook hulle bydraes oorsee.

2. Afgesien van die besoeke van professore aan gemeentes op uitnodiging is daar ook waardering uitgespreek vir die program waarvolgens die professore om die beurt al die klassisse in die verloop van enkele jare probeer besoek het.

3. Vanjaar het 11 jong broeders reeds aangemeld en is toegelaat vir studie vanaf begin 2011. Nog 9 bykomende broeders het ook aansoek gedoen wie se aansoeke later hanteer sal word.

4. Daar is ook met groot dank kennis geneem van die teologiese studente se akademiese vordering en die reëling dat hulle jaarliks met variërende praktiese werk in gemeentes geplaas word. Daar was agt finalejaarstudente waarvan twee, gedurende November 2010 by die betrokke Streeksinodes sal aanmeld vir beroepbaarstelling. Twee ander sal D.V. gedurende Junie 2011 by hulle onderskeie Klassisse aanmeld terwyl vier studente verlof ontvang het om met meesters- en doktorale studie voort te gaan. Volgende jaar sal daar 9 studente met hulle finalejaar studies besig wees. In 2011 is daar 7 studente in die voorfinalejaar. Vir 2010 was daar 60 studente wat teologie studeer om as predikant in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te dien.

6. Prof Ben de Klerk emeriteer, as professor in Praktiese Teologie, einde 2010 op die ouderdom van 65 jaar op die mees eervolle wyse.

8. Die beroeping vir professore in Ou Testament en Praktiese Teologie het plaasgevind: Vir Ou Testament is beroep dr. Chris van der Walt (Pietersburg-Suid), en vir Praktiese Teologie dr. Gert Breed (Randburg).

# PRESTASIES VAN KINDERS

Simbaal het verneem dat Anneke en Elsjé Jansen van Vuuren besondere toekennings van hulle skole ontvang het:

ANNEKE JANSEN VAN VUUREN

Anneke is vanjaar Graad 9 aan Schoonspruit Hoërskool. Sy ontvang die volgende toekennings onlangs op die prysuitdeling:

1. Spesiale erekleure vir Tweekamp
2. Erekleure vir Landloop
3. Silwer toekenning vir Atletiek en “Public Speaking”
4. Sy was VLR verteenwoordiger van haar klas
5. Lid van die akademiese Top 10 van haar graad (nr 3)
6. Anneke is ook gekies op die Miernes redaksie (skoolkoerant) vir 2011.

ELSJÉ JANSEN VAN VUUREN

Elsjé is vanjaar Graad 6 aan Laerskool La Hoff en het die volgende toekennings ontvang:

1. Sy is gekies as deel van die Leerlingraad van La Hoff vir 2011
2. Speel Unisa Musiekeksamen Gr 2 en skryf Unisa Teorie Gr 2
3. Elsjé swem baie goed en beplan om in die toekoms aan die Midmar myl deel te neem.
4. Lid van die akademiese Top 10 van haar graad (nr 3)

Die gemeente wil julle twee van harte gelukwens met die pragtige prestasies die afgelope jaar. Dit is ook vir die gemeente ‘n vreugde om van julle suksesse te verneem.



| | |
|---|---|
| 9 Januarie | Alecia Swanepoel |
| 9 Januarie | Elsa van Heerden |
| 10 Januarie | Susan van Rooyen |
| 10 Januarie | Hannes Pelser |
| 10 Januarie | Michiel Kruger |
| 10 Januarie | Rina le Grange |
| 11 Januarie | Hendrien Kruger |
| 13 Januarie | Hendrico van Antwerpen |
| 14 Januarie | Jannie Maria du Preez |
| 16 Januarie | Francois Snyman |

Ons wens julle almal van harte geluk met julle verjaardae. Mag die Here julle seën met sy liefde en teenwoordigheid in julle lewens.

## KERKARGIEF

*Indien enige lidmaat foto’s, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asb. met die skriba,* ***oudl. At Kruger****, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018 468 3976, 083 400 3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asb. vir aandag: At Kruger. Foto’s en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.*

- ✠ *Deur jou seëninge te tel, sal jy nie tyd oorhê om ander se gebreke te tel nie.*
- ✠ *As jy groot voel, kyk op na die grote God en jy sal agterkom hoe oneindig klein jy werklik is.*

## Lief en Leed in die gemeente

- ✠ Ons innige meegevoel word betuig met ***Br. Leon en Sr. Amanda Swart en hul seun Conrè***, met die afsterwe van sr. Amanda se pa in Kimberley. Hy is reeds begrawe. Mag die Here u ryklik vertroos.
- ✠ ***Sr. Daleen du Plessis*** se broer het ernstige hartprobleme ondervind wat tot groot kommer gelei het. Hy is in Vereeniging geopereer nadat hy per ambulans van Klerksdorp af daarheen oorgeplaas is. Tans lyk dit of dit met hom beter gaan. Algehele herstel word hom toegebid.
- ✠ ***Liandrè Matthyser***, dogter van ***br. Andrè en sr. Verni Matthyser*** en kleinkind van ***br. Hennie en sr. Elsie Matthyser***, is gekies vir die Noordwes Kinderkoor. Baie geluk! Ons is saam met die ouers en grootouers bly en dankbaar.
- ✠ ***Br. Faan en sr. Bienkie du Preez*** spandeer baie tyd as besoekers in die hospitaal, want al twee hul kinders, Sonell en Stefaansie, was verlede week in die Wilmed. Ook grootouers, ***Br. Martin en sr. Sophia van der Merwe*** help en ondersteun waar hulle kan. Ons vertrou dat die twee gou weer heeltemal perdfris sal wees.
- ✠ ‘n Hartlike gelukwensing aan ***br. Willem en sr. Jeanette de Jager***. Hulle het pas verhoogde status gekry – hulle is nou *oupa- en oumagrootjie* nadat ‘n seuntjie gebore is vir hul kleinseun, De Wet Osborn, en sy vrou in Engeland. ***Br. Willem***, wat onlangs in ‘n motorongeluk beseer is naby sy huis, verduur nog ongemak en pyn met gebreekte ribbes en ‘n beseerde oorskulp.
- ✠ ***Eduard***, seun van ***br. Cobus en sr. Annalise Booysen***, se gesondheid is op die oomblik nie goed nie. Sy been het gebreek en sy longe word behandel. Ons dink in ons gebede aan julle.
- ✠ ***Br. Johan en sr. Felecitè Viljoen*** het die goeie nuus ontvang dat hul seun, Robert, die graad Honns. B.Comm. in Risikobestuur (Finansieel) met onderskeiding geslaag het. Sy skripsie handel oor Rentekoerse en Inflasie. Baie geluk aan julle en aan Robert met hierdie prestasie!



## ♦ Spesiale projekte van die diakens

Die diakens kon hulle normale werk doen. Hulle bewillig fondse aan instansies soos finansies dit toelaat. Die diakens is baie nou betrokke by lidmate in die gemeente waar hulp nodig is: maandeliks word kos pakkies aangekoop en versprei soos wat die behoefte bestaan. Die diakens is nou betrokke by die plaaslike kinderhuis en baie moeite word gedoen om die kinders te ondersteun.

## ▪ Suksesvolle jaar

Onder die seënende hand van die Here, ons God, kan die gemeente 'n suksesvolle jaar afsluit. Alle aspekte van die gemeentelike lewe het aandag gekry en die vernaamste is dat die lidmate elke Sondag geestelik gevoed is deur die prediking en gereeld versterk is in die geloof deur die sakramente.

**SIMBAAL**

**HARTLIKE DANK**


**Weekliks was daar lidmate wat hulle tyd en kragte gegee het sodat daar Sondae ’n Simbaal kon wees met al die nuus en berigte. Vir hulle wil ons aan die einde van die jaar baie, baie, baie dankie sê.**

**◈ *Sr. Martie Venter* het weekliks die kopie op rekenaar getik en die laaste 2 maande ook verskeie ander fasette van Simbaal hanteer.**

**◈ *Sr. Hanlie Mocke* het die Simbaal vir ’n groot deel van die jaar weekliks gedupliseer en gevou.**

**◈ Br. Hennie en sr. Kotie Oosthuizen het die laaste deel van die jaar die dupliseer en vou van Simbaal gedoen.**

**Vir julle diens deur die Simbaal wil die gemeente baie, baie dankie sê. Julle diens was goudwerd. Hartlik dank.**



- ## DIE SAKRAMENTE

Die sakrament van die ***doop*** is gereeld aan ouers en hulle kindertjies bedien.

Die gemeente het ook eenmaal per kwartaal die sakrament van die ***nagmaal*** gevier.

- ## BELYDENISAFLEGGING

Vir die gemeente, die verbondsouers en hulle verbondskinders was dit 'n dankbare dag toe 5 verbondskinders op Sondag 22 Augustus 2010 voor God belydenis van hulle geloof kon aflê met die gemeente as getuies. Hulle was:

- Lisa Smit
- Pierre Lindeque
- Rizaan Olivier
- Marcelle Kruger
- Tineke Havinga




- ## AKTIWITEITE VAN DIE SUSTERS

- Die susters het in 2010 nie groot projekte onderneem nie behalwe die susterssaamtrek wat op 13 Maart 2010 in die kerkgebou aangebied is. Die reëlings het vlot verloop en die saamtrek is met besondere sukses afgehandel. Die susters was veral aktief besig met gereelde sustervergaderings met 'n opbouende karakter. Die bejaardes is onthaal. Koeksisters is gebak.

- ## 150 JARIGE FEES GEREFORMEERDE KERKE

- Saam met al die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kon Klerksdorp-Noord ook spesiaal byeenkom om in die dankbare feesjaar te deel. Van die gemeente se deel in die 150 jarige fees is die embleem wat by die hek aangebring is.

- ## DIE 55 PLUSSERS

- Die 55 plussers het ook hulle deel van die jaar se werksaamhede nagekom en feestelike byeenkomste gereël.

- ## AFSKEID

- Van dr. André en sr. Hettie Grové is tydens 'n eetmaal gepas afskeid geneem. Na 20 jaar in die gemeente het dr. André op sy 65e verjaardag geëmeriteer en hulle het na Krugersdorp verhuis.



✠ Hartlike gelukwense aan ***br. Kobus en sr. Leandrie Steenkamp*** wat 'n seuntjie ryker geword het. Ook geluk aan oupa en ouma, ***br. Kobus (snr.) en sr. Rina*** **Steenkamp** met hierdie vreugde wat tot jul lewe toegvoeg is. Ons weet dat hy nog aan u almal baie genot sal verskaf.

✠ Ons wens ook ***br. Lourens en sr. Petra Swanepoel*** geluk met die huwelik van hul seun, Rynhardt. Rynhardt, baie seënwense vir jou pad vorentoe!

## KERSSANGAAND

Die jaarlikse ***Kerssanggeleentheid*** is vanaand om 19:00 in die Gemeentesentrum van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp. Lidmate kan vanaand na die aanddiens na Klerksdorp se Gemeentesentrum ry vir hierdie gewilde byeenkoms wat vanjaar deur die Gereformeerde Kerk Klerksdorp aangebied word.

**KERSWEES**

['n Sonnet]

'n VENSTER druk 'n kinderneusie plat,
die hemel loer deur twee blou ogies in;
die Kersfeesspeelgoed lonk - hy't baie sin
om net aan daardie opwentrein te vat ....
Die klokke beier - soet die sange wat
die Kersnag inlui ... blinkertjies en tin
en liggies wat 'n denneboom omspin,
en daaraan hang vir menig kind 'n skat -
maar nie vir hom, die maer sproetgesig;
geen kersgeskenkie sal sy hart verbly ....
Maar Oukersnag het hulle kom verhaal
van daardie Kindjie in die Krip, die lig
wat Hy as Kindervriend eens kom versprei:
Hy't ook vir **wesies** Toegangsprys betaal!

[Jac J.S. Botha uit DIE WAKIS - 1961]

# 2010 Die jaar in oënskou

Die kroniekboek van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord se geskiedenis vir 2010, staan volledig en noukeurig opgeteken in **SIMBAAL JAARGANG 5, NOMMER 1 TOT 33.** Week vir week is die doen en late van die gemeente kronologies aangeteken en dit word uiteindelik 'n kroniek van dankbaarheid teenoor die Here vir nog 'n jaar waarin die gemeente onder die genade en liefde van God kon lewe en werk en dien. Dat Klerksdorp-Noord nog bekend kan staan as die liggaam van Jesus Christus is nie vanweë die toedoen van die gemeentelede nie, maar dit is enkel en alleen vanweë God se onverdiende genade. Kom ons blaai deur die kladskrif van ons werksaamhede en pouseer hier en daar.

## ♦ Normale werksaamhede

Week na week, blyk dit uit SIMBAAL, dat die normale aktiwiteite van eredienste, kategese, huisbesoek, kerkraadsvergaderings, kommissie-vergaderings, diakonale werk, Bybelstudie, sustersaktiwiteite, teedrink na die eredienste, gemeentelike etes, bring-en-braai-byeenkomste ens. ens. gereeld kon plaasvind. Daar was nie iets dramaties wat die gang van hierdie aktiwiteite in die wiele gery het nie.

## ♦ Groot projekte

Die gemeente het geen besondere projekte vanjaar aangepak nie. Die gewone bedieningswerk kon normaalweg voortgaan. Daar was altyd gewillige diakens en ouderlinge om in die besondere dienste te staan. Elke Sondag is twee eredienste gehou – hoewel die aanddienste se bywoning tussen 10 en 15 % was. Die verbondsjeug van die kerk is onderrig. Die gemeente ondersteun die Gereformeerde Kerk Khuma finansieel sodat hulle hulle werk ook met vrug van voortsit.



# "As ons baie sterk is, tagtig"

**Moses bid in sy bekende gebed, Psalm 90:** *"Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en dié is vol swaarkry en leed. Dit is gou verby, ons vlieg na ons einde toe".* **Totius het dit so mooi berym:**

"Die sterkste klim ten hoogste tot die top
van sewentig of tagtig jare op".

Drie lidmate het vanjaar reeds die 90 jaar merk verbygesteek:

- Tant Leen Pretorius (91) – 24 September.
- Tant Theunetta de Bruyn (91) – 15 Maart.
- Tant Marie van der Merwe (93) – 25 Mei.

en vier lidmate het, onder die seënende hand van die Here, die tagtigjaar merk bereik:

- Tannie Marie Brits – 17 Januarie.
- Tannie Julie van Zyl – 4 Augustus.
- Oom Ben van Zyl – 8 September.
- Tannie Jo Coetzee – 20 Oktober.

Die gemeente is dankbaar dat die Here u gespaar het tot op hierdie besondere ouderdom. Vir die gemeente is u die sigbare bewys dat God se genade en liefde 'n werklikheid word in die lewe van hulle wat God in gehoorsaamheid en met oorgawe dien. As ons u 'n wonderlike Kersfees en 'n seënryke nuwe jaar toebid dink ons ook aan die ander lidmate wat ook reeds deur God se genade die baie sterk jare van tagtig verby is:

- **Oom Hannes Theunissen (82)**
- **Oom Pottie Potgieter (84)**
- **Tannie Sarie van Heerden (87)**
- **Tannie Maria du Preez (83)**
- **Tannie Erica du Plessis (83)**
- **Oom Kosie Smit (85)**
- **Tannie Jansie Smit (84)**
- **Oom Tienie Botha (82)**
- **Tannie Issie Fourie (86)**
- **Tannie Anna de Wet (88)**
- **Tannie Susan Potgieter (81)**
- **Oom Phil Jooste (81)**

